Education and Sport Development

Department of Education and Sport Development
Departement van Onderwys en Sportontwikkeling
Lefapha la Thuto le Tlhabololo ya Metshameko
NORTH WEST PROVINCE

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

GESKIEDENIS V2

SEPTEMBER 2019

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 150

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 25 bladsye.

Kopiereg voorbehou

1. BRONGEBASEERDE VRAE

1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

Kognitiewe Vlakke	Historiese vaardighede	Gewigs-toekenning van vrae
VLAK 1	• Onttrek inligting uit bronne • Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne • Defineer historiese begrippe/terme	**30% (15)**
VLAK 2	• Interpretasie van bewyse uit bronne • Verduidelik inligting verkry uit bronne • Analiseer bewyse uit bronne	**40% (20)**
VLAK 3	• Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne • Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid, en beperkings vas te stel • Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings	**30% (15)**

1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyne word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- Daar word van leerders verwag om 'n standpunt in te neem wanneer "tot watter mate" vrae beantwoord word om enige punte te verwerf.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.

1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae

- Gebruik 'n regmerk (√) vir elke korrekte antwoord
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (√√√√); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (√√)
- Indien 'n vraag 4 punte tel word 4 regmerke (√√√√) aangedui

Paragraafvraag

Paragrawe moet globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (√) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.

- Lees die paragraaf weer om die mate waartoe die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord, te evalueer.
- Maak regmerkies (), wat aan die kandidaat vir die paragraaf toegeken is, aan die einde van die paragraaf, sowel as die vlak (1, 2 of 3) soos in die holistiese rubriek aangedui en gee kommentaar, bv

_____ + _____ + _____
_____ + _____ + _____
√√√√

Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf.

- Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt onder in die regterkantse kantlyn, bv . $\frac{32}{50}$
- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

2. OPSTELVRAE

2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.

2.3 Globale assessering van 'n opstel

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om 'n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs (feite) neer te skryf om 'n vlak 7 (hoë punt) te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'model-antwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument (beplan, gestruktureer en n onafhanklilike argument)
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

2.4 Assesseringsprosedures van die opstel

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.

2.4.2 Tydens die eerste deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne), vir elke hoofaspek/liggaam van die opstel wat die argument ondersteun (aangedui met ‘n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne) en ‘n relevante slotopmerking (aangedui met ‘n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne

Bv. In 'n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die PEEL-struktuur in gedagte wanneer 'n opstel geassesseer word.

P	**(Point) Punt:** Die kandidaat stel die opstel bekend deur ‘n gedagterigting aan te dui/‘n belangrike punt te maak. Elke paragraaf moet ‘n punt insluit wat die hoofpunt (gedagterigting) wat in die inleiding gemaak is, handhaaf.
E	**(Explanation) Verduideliking:** Die kandidaat moet in meer detail verduidelik waaroor die hoofpunt handel en hoe dit met die vraag wat gestel word (gedagterigting) verband hou.
E	**(Example) Voorbeeld:** Die kandidaat moet die vraag beantwoord deur inhoud te kies wat tot die gedagterigting relevant is. Relevante voorbeelde moet gegee word om die gedagterigting te ondersteun.
L	**(Link) Skakel:** Die kandidaat moet toesien dat die gedagterigting regdeur die opstel ondersteun word en samehangend geskryf word.

2.4.4 Die volgende addisionele simbole **MOET** ook gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer ^
- Verkeerde stelling _____
- Irrelevante stelling |
|
|
- Repetisie R
- Analise A✓
- Interpretasie I✓
- Argument LOA ↕

2.5 Die matriks

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

I	**VLAK 4**	

(b) Die tweede deurlees van die skryfwerk sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

I	**VLAK 4**	
A	**VLAK 3**	

(c) Ken óń algehele punt toe met behulp van die matriks.

I	**VLAK 4**	**}26–27**
A	**VLAK 3**	

NASIENMATRIKS VIR OPSTELLE: TOTAAL: 50

AANBIEDING → / INHOUD ↓	VLAK 7 Baie goed beplande en gestruktureer de opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerd e, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekkin g gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun.	VLAK 6 Baie goed beplande en gestruktureer de opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekkin g uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun.	VLAK 5 Goed beplande en gestruktureer de opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekkin g gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun.	VLAK 4 Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse.	VLAK 3 Toon soms bewys van 'n gestruktureer de en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekkin g nie duidelik ondersteun deur bewyse nie.	VLAK 2 Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekkin g te maak nie.	VLAK 1* Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie.
VLAK 7 Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is.	**47–50**	**43–46**					
VLAK 6 Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is.	**43–46**	**40–42**	**38–39**				
VLAK 5 Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant.	**38–39**	**36–37**	**34–35**	**30–33**	**28–29**		
VLAK 4 Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud.			**30–33**	**28–29**	**26–27**		
VLAK 3 Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings.				**26–27**	**24–25**	**20–23**	
VLAK 2 Vraag onbereikend beantwoord. Inhoud skraal.					**20–23**	**18–19**	**14–17**
VLAK 1* Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud.						**14–17**	**0–13**

*** Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:**

- Vraag glad nie beantwoord nie/ totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Vraag sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1ï 6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord ; klein poging om die opstel te struktureer = 7ï 13

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

VRAAG 1: WATSE IMPAK HET DIE SWARTBEWUSSYN-FILOSOFIE OP DIE STUDENTE VAN SOWETO, IN DIE 1970's, GEHAD?

1.1

1.1.1 [*Verduidelik 'n historiese begrip uit Bron 1A – V1*]
- 'n Filosofie wat selfvertroue, selfgelding en trots onder swart Suid-Afrikaners bepleit
- 'n Filosofie wat deur Steve Biko en ander aktiviste gepropageer is, dat swart Suid-Afrikaners van ander rasse onafhanklik moet wees ten opsigte van die stryd om gelykheid en geregtigheid
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

1.1.2 [*Uittrek van bewyse uit Bron 1A – V1*]
- NUSAS was veelrassig, maar deur blankes oorheers (1 x 2) (2)

1.1.3 [*Uittrek van bewyse uit Bron 1A – V1*]
- Hulle het die politieke vakuum gevul, wat in die swart gemeenskappe agtergelaat is, nadat die PAC en ANC verban is
- Hulle het die aanvaarding van blanke superioriteit en oorheersing verwerp
- Hulle het swart selfvertroue en selfgelding bepleit (Enige 2 x 1) (2)

1.1.4 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2*]
- Sodat hulle hul bevryding van sielkundige en fisiese onderdrukking kan besef
- Om swartmense van onderdrukking te vergewis
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (2)

1.1.5 [*Uittrek van bewyse uit Bron 1A – V1*]
- Hulle het energie en onafhanklikheid gehad
- Hulle was vol selfvertroue
- Hulle het die politieke vakuum, wat deur die verbode kongresbeweging agtergelaat is, gevul (3 x 1) (2)

1.2

1.2.1 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2*]
- SASO was sonder blankes gevorm (wit skape word uitgeskop)
- SASO was nie veelrassig nie (wit skape word uitgeskop)
- SASO was 'n eksklusiewe swart organisasie (wit skape word uitgeskop)
- SASO was besig om 'n invloedryke studenteorganisasie te word (grootte van SASO op die spotprent)
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.2.2 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2*]
- NUSAS was deur blankes oorheers (gedomineer)
- SASO was 'n eksklusiewe wart beweging
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

1.3 [*Vergelyking van bewyse uit Bron 1A en 1B – V3*]
- Bron 1 A beklemtoon die vorming van SASO uit die veelrassige, maar blanke dominerende en Bron 1B dui SASO aan wat die wit skape (NUSAS) uitskop
- Bron 1A beklemtoon dat SASO ón ekslusiewe swart-beweging was en Bron 1B dui SASO aan wat die wit skape (NUSAS) uitskop
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

1.4

1.4.1 [*Uittrek van bewyse uit Bron 1C – V1*]
- Dit het ón ernstige mobilisering in die skole georganiseer (1 x 2) (2)

1.4.2 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 1 C – V 2*]

a) Tsietsi Mashinini het ón massa demonstrasie, in Soweto, teen die gebruik van die Afrikaanse taal in swart Suid-Afrikaanse skole voorgestel / vorm deel van die aksiekomitee (1 x 2) (2)

b) Seth Mazibuko het die aanvanklike klasboikot by Orlando West Junior Sekondêre Skool, teen die gebruik van die Afrikaanse taal in swart Suid-Afrikaanse skole, georganiseer / vorm deel van die aksiekomitee (1 x 2) (2)

1.4.3 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2*]
- Groepe studente het op verskillende punte in Soweto vergader
- Studente het by Orlando-Wes in Soweto bymekaargekom
- Teen 10:30 het oor die 5 000 studente op Vilikazi Straat in Soweto bymekaargekom
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.5

1.5.1 [*Uittrek van bewyse uit Bron 1D – V2*]
- Hastings Ndlovu
- Hector Pietersen (2 x 1) (2)

1.5.2 [*Uittrek van bewyse uit Bron 1D – V1*]
- Die dekreet wat deur die Bantoe-onderwysdepartement opgelê is, dat Afrikaans as onderrigmedium in skole gebruik moet word (1 x 1) (1)

1.5.3 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2*]
- Dit was deur lede van die regerende Nasionale Party gepraat
- Swart onderwysers en leerders het die negatiewe impak van Afrikaans, eerstehands in die klaskamer beleef
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.5.4 [*Lewer kommentaar op die bruikbaarheid van bewyse uit Bron 1D – V3*]
Die bron is bruikbaar omdat:
- dit die twee studente wat tydens polisie skietery gesterf het noem
- dit die onmiddelike oorsaak van die 16 Junie studente-optog uitlig
- dit die redes vir die vorming van SASO noem
- dit die ander gebeure wat die 1976-opstand beïnvloed het noem
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.6 [*Interpretasie, evaluasie en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3*]

Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoord insluit

- Swartbewussyn het ón generasie, wat net vernedering onder apartheid ervaar het, beïnvloed om die ósstatus quoô uit te daag (Bron 1A)
- Vorming van SASO uit die veelrassige, maar blanke dominerende NUSAS (Bronne 1A, 1B en 1C)
- Rol van SASO (vul die politieke vakuum nadat die PAC en die ANC verban is) (Bron 1A)
- SASO-standpunt oor blanke superioriteit en oorheersing (Bronne 1A en 1B)
- Swartbewussyn het ón nuwe selfvertroue en selfgelding op SASO bepleit Bron 1A en 1D)
- Vorming en rol van die ôBlack Peopleôs Conventionô(Bron 1A)
- Swartbewussyn se invloed op studente in skole: energie, onafhanklikheid en selfvertroue (Bronne 1A, 1C en 1D)
- Die 16 Junie 1976-optog teen Afrikaans as onderrigtaal in die helfte van die skoolvakke (Bron 1C)
- SASM mobilised students against Afrikaans as a medium of instruction in schools (Bron 1D)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

VLAK 1	• Gebruik bewyse op elementêre wyse d.w.s. **toon geen of min begrip van watse impak die Swartbewussyn-filosofie op die studente van soweto, in die 1970's, gehad het nie.** • Gebruik bewyse gedeeltelik om oor ón onderwerp te skryf of kan nie oor die onderwerp skryf nie.	**PUNTE** **0-2**
VLAK 2	• Bewyse is meestal relevant en hou in ón groot mate verband met die onderwerp. bv. **Toon 'n mate van begrip van watse impak die Swartbewussyn-filosofie op die studente van soweto, in die 1970's, gehad het.** • Gebruik bewyse op ón baie eenvoudige wyse om ón paragraaf te skryf.	**PUNTE** **3-5**
VLAK 3	• Gebruik relevante bewyse bv. **Demonstreer 'n deeglike begrip van watse impak die Swartbewussyn-filosofie op die studente van soweto, in die 1970's, gehad het.** • Gebruik bewyse baie effektief in ón georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp.	**PUNTE** **6-8**

(8)
[50]

VRAAG 2: WAS DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) SUKSESVOL OM SUID-AFRIKA VAN SY VERDEELDE VERLEDE TE VERSOEN?

2.1

2.1.1 [*Uittrek van bewyse uit Bron 2A – V1*]
- Minister van Justisie, Dullah Omar (1 x 1) (1)

2.1.2 [*Definisie van 'n historiese begrip uit Bron 2A – V1*]
- Om goeie verhoudinge tussen die slagoffers en oortreders te bevorder
- Om die waarheid oop te vlek sodat vergifnis en genesing van politieke misdade, wat na 1960 gepleeg is, kan plaasvind
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.1.3 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2*]
- Sodat hulle amnestie kon kry
- Vir oortreders en slagoffers om emosionele sluiting te vind
- Om versoening te bevorder
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.1.4 [*Uittrek van bewyse uit Bron 2A – V1*]
- Om menseregteskendings van alle kante van die politieke spektrum te ondersoek
- Om getuienisse van slagoffers en oortreders aan te hoor
- Om oortreders amnestie teen vervolging of siviele aksie te gee
- Om die waarheid aan te moedig (Enige 3 x 1) (3)

2.1.5 [*Lewer kommentaar op die bruikbaarheid van bewyse uit Bron 2A – V3*]
Die bron is bruikbaar omdat:
- dit die doel van die WVK beskryf
- dit die name van die leiers van die WVK gee
- dit die taak van die WVK beskryf
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.2

2.2.1 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2*]
- Dit wys dat Desmond Tutu instaat was om die finale WVK verslag aan president Mbeki voor te lê (Tutu wat die verslag voorlê)
- Die verslag lyk té groot (lywig)
- Dit wys dat de Klerk nie voor die WVK wou verskyn nie (de Klerk kruip weg)
- Dit wys dat de Klerk en die apartheids- veiligheidsmagte van die bewyse vernietig (versnippering van bewyse en die woorde «ons ook»)
- Dit wys dat nie alle bewyse deur die WVK hanteer is nie (Tutu se woorde)
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.2.2 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2*]
- Die WVK het slegs bewyse en gevalle wat aangemeld is hanteer
- Baie slagoffers en oortreders het nie voor die WVK verskyn nie
- Sekere belangrike bewyse is deur die apartheidsregering vernietig
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.3

2.3.1 [*Uittrek van bewyse uit Bron 2C – V1*]

- Politieke spanning wat tydens die berywighede van die Kommissie geheers het (1 x 2) (2)

2.3.2 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2*]

- Hulle het gedink dat die WVK hul politieke geloofwaardigheid sal skade aandoen
- Hulle het die WVK daarvan beskuldig dat hulle ón heksejag eerder as ón ware versoeningsinstrument is
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.3.3 [*Uittrek van bewyse uit Bron 2C – V1*]

- Die neiging om vir hierdie politieke groepe in te gee in 'n poging om hulle tot die proses verbind te hou (1 x 2) (2)

2.4

2.4.1 [*Uittrek van bewyse uit Bron 2D – V1*]

- Verskeie gruweldade van die verlede is nie behoorlik ondersoek nie
- Daar was oorbeklemtoning op die rol van die voormalige veiligheidsmagte
- Die moord op ongeveer 400 top IVP-leiers is nie deeglik ondersoek nie
- Daar was nie 'n diepgaande analise van wat baie óswart-op-swartôgeweld sou noem nie (Enige 2 x 1) (2)

2.4.2 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2*]

- Oortreders wat ernstige menseregteskendings gepleeg het en versuim het om vir amnestie aansoek te doen moet gestraf word
- Die staatsorganisasies wat by die moorde betrokke was, en nie vir amnestie aansoek gedoen nie, moet aanspreeklik gehou word
- Lede van Bevrydingsbewegings wat politieke misdade gepleeg het, en versuim het om vir amnestie aansoek te doen, moet ondersoek en vervolg word
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.4.3 [*Vergelyking van bewyse uit Bronne 2D – v1]*

- Enige misdaad wat in die verlede gepleeg is, deur enige iemand moet vervolg word as nie vir amnesty ansoek gedoen is nie (1 x 2) (2)

2.5 [*Vergelyking van bewyse uit Bronne 2B en 2C – V3*]

- Bron 2C beklemtoon dat die Nasionale Party en sekere uiterse regse groepe huiwerig was om voor die WVK te verskyn. Bron 2C wys dat de Klerk wegkruip. (Beide bronne beklemtoon dat de Klerk en die NP huiwerig was om voor die WVK te verskyn)
- Bron 2C beklemtoon die WVK se fout deur aan die politieke groepe in te gee. Bron 2B wys dat Tutu die verslag sonder enige bewyse van politieke groepe voorlê. (Beide bronne beklemtoon die WVK se swakhede)
- Bron 2C beklemtoon dat die Nasionale Party nie berou getoon het of bewyse gelewer het nie. Bron 2 B dui aan hoe de Klerk en die NP bewyse versnipper. (Beide bronne dui aan dat die NP nie enige berou getoon het nie)
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.6 [*Interpretasie, evaluasie en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3*]

Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoord insluit

- Formulering van die wet wat die WVK ingestel het, het tot angs en bekommernis oor die vooruitsig van ón anti-Afrikaner heksejag gelei (Bron 2A en 2D)
- Dullah Omar het dié vrees besweer (verlig): WVK was daarop gemik om Suid-Afrikaners instaat te stel om die verlede te aanvaar (Bron 2A)
- Die WVK sal nie eise van mishandeling teen die ANC oorsien of onder die mat invee nie (Bron 2A)
- WVK: ón Forum om die waarheid te praat; slagoffers en oortreders moes die waarheid vertel, soos hulle dit ken (Bron 2A)
- Tutu en Boraine was gesiene individue in die gemeenskap (ón Aartsbiskop en ón geestelike, liberale politikus) (Bron 2A)
- Die WVK se doel was om menslike mishandeling van alle kante te ondersoek (Bron 2A)
- Dit was daarop gemik om amnestie aan oortreders te gee mits die waarheid geopenbaar is en politieke motivering gegee kon word (Bron 2A)
- De Klerk: WVK moes herstel bring, nie vergelding nie (Bron 2D)
- De Klerk en Ramaphosa: Geen dekmantel amnestie (Bron 2D)
- Geen amnestie aan oortreders as dit duidelik was dat hulle die waarheid weggesteek het nie (Bron 2D)
- Die NP en sommige uiterste regse groepe was huiwerig om voor die WVK te verskyn: ón groot slag vir die WVK (Bronne 2C en 2D)
- Herstellende geregtigheid: maar die NP het nie berou betoon nie (Bronne 2B en 2C)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

VLAK 1	• Gebruik bewyse op elementêre wyse d.w.s. **Toon geen of min begrip van of die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) suksesvol was om Suid-Afrika van sy verdeelde verlede te versoen nie.** • Gebruik bewyse gedeeltelik om oor ón onderwerp te skryf of kan nie oor die onderwerp skryf nie.	**PUNTE 0-2**
VLAK 2	• Bewyse is meestal relevant en hou in ón groot mate verband met die onderwerp. bv. **Toon 'n mate van begrip van of die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) suksesvol was om Suid-Afrika van sy verdeelde verlede te versoen.** • Gebruik bewyse op ón baie eenvoudige wyse om ón paragraaf te skryf.	**PUNTE 3-5**
VLAK 3	• Gebruik relevante bewyse bv. **Demonstreer 'n deeglike begrip van of die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) suksesvol was om Suid-Afrika van sy verdeelde verlede te versoen.** Gebruik bewyse baie effektief in ón georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp.	**PUNTE 6-8**

(8)
[50]

VRAAG 3: HOE AFFEKTEER GLOBALISERING DIE EKONOMIEË VAN ONTWIKKELENDE LANDE NEGATIEF?

3.1

3.1.1 [*Verduidelik 'n historiese begrip uit Bron 3A – V1*]
- Die proses waardeur die wêreld meer geïntegreerd en verbind is, byvoorbeeld deur tegnologie
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

3.1.2 [*Uittrek van bewyse uit Bron 3A – V1*]
- Kommuniskasie, en om mekaar se kultuur deur reis en handel te deel
- Om produkte binne ure of dae oor die wêreld te vervoer
- Dit het die wêreld met mekaar verbind
- Dit het die produksie van goedere en dienste verhoog
- Dit het tot verhoogde internasionale handel gelei (Enige 3 x 1) (3)

3.1.3 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2*]
- Groter maatskappye (multinasionaal) het hul filiale gebruik om rykdom vanuit arm lande te kry
- Arm lande het op uitvoer vanaf ryk lande staat gemaak
- Arm lande het op lenings vanaf ryk lande staat gemaak (Wêreldbank en Internasionale Monetêre Fonds)
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.2

3.2.1 [*Uittrek van bewyse uit Bron 3B – V1*]
- Wêreldhandelsorganisasie (1 x 1) (1)

3.2.2 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2*]
- Die Wêreldhandelsorganisasie het nie die regte van hul werkers beskerm nie
- Werkers is uitgebuit
- Hulle het geen werksekuriteit gehad nie
- Hulle mag nie aan ón vakbond behoort het nie
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.2.3 [*Uittrek van bewyse uit Bron 3B – V1*]
- Hulle was goed opgevoed
- Hulle was goed ingelig oor kwessies rakende die aktiwiteite van die Wêreldhandelsorganisasie
- Hulle het hul huiswerk gedoen
- Hulle het werkswinkels en seminare bygewoon (Enige 2 x 1) (2)

3.2.4 [*Uittrek van bewyse uit Bron 3B – V1*]
- Genetiese-gemanipuleerde voedsel
- ósweatshopsô
- Die afkap van woude
- Dierebeskermingswette
- Beeshormone
- Het lug, water en grond vergiftig
- Amerikaanse werkers het hul werk aan oorsese markte verloor

(Enige 2 x 1) (2)

3.3

3.3.1 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2*]

- Dit dui die negatiewe impak van globalisering (WHO) op ontwikkelende lande aan (menseregteskendings, impak op die omgewing, lae lone en rykes wat daaruit voordeel trek)
- Dit dui aan waarom globalisering (WHO) gekritiseer is (menseregte-skendings, impak op die omgewing, lae lone en rykes wat daaruit voordeel trek)
- Dit dui aan hoe groot besighede die WHO gebruik het om ontwikkelende lande uit te buit (groot raamwerk om groot sake te verteenwoordig)
- Dit dui die invloed wat groot besighede (ryk lande) op ontwikkelende lande (arm lande) gehad het aan
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.3.2 [*Uittrekking vanbewyse uit Bron 3C – V1*]

- Menseregte
- Die omgewing
- Lae lone
- Die rykes wat daaruit voordeel trek (Enige 2 x 1) (2)

3.4 [*Vergelyking van bewyse uit Bronne 3B en 3C – V3*]

- Beide bronne beklemtoon kritiek teen globalisering (WHO)
- Bron 3B beklemtoon duidelik die afkap van woude, vergiftige van lug, water en grond as ón kritiek teen globalisering (WHO). Bron 3C noem ook die omgewing. (Beide bronne beklemtoon die omgewing as ón kritiek teen globalisering (WHO)
- Bron 3B beklemtoon goedkoop arbeid as ón kritiek teen WHO
  Bron 3C noem lae lone (Beide bronne beklemtoon goedkoop arbeid/lae lone as ón kritiek teen globalisering) (WHO)
- Bron 3B beklemtoon dat óPacific Rim sweatshopôwerkers lang ure, onder swak omstandighede gewerk het (menseregte skendings). Bron 3C noem dit ook. (Beide bronne beklemtoon goedkoop arbeid en menseregte skendings as ón kritiek teen globalisering) (WHO)
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.5

3.5.1 [*Uittrek van bewyse uit Bron 3D – V1*]

- Om op goedkoop arbeidskoste te kapitaliseer
- Om nader aan hul markte te wees (2 x 1) (2)

3.5.2 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2*]

- Hulle het broodnodige buitelandse beleggings na ontwikkelende lande gebring
- Supermarkte in ontwikkelnde lande het wêreldwye kettingwinkels geskep en goedkoop produkte van regoor die wêreld verseker.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.5.3 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2*]
- Multinasionale maatskappye het dikwels winste voor die regte van werkers gestel
- Mense wat die produk verbou het, is op die pryse wat hul van multinasionale maatskappye kry afhanklik, en pryse het aansienlik gedaal
- Die reëls wat handel reguleer, word ten gunste van die ryk lande vasgestel
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.5.4 [*Lewer kommentaar oor die bruikbaarheid van bewyse uit Bron 3D – V3*]
Die bron is BRUIKBAAR omdat:
- dit inligting gee oor waarom multinasionale maatskappye hul vervaardigingsaanlegte in die buiteland gevestig het
- dit die positiewe aspekte van multinasionale maatskappye in ontwikkelende lande verduidelik
- dit die negatiewe aspekte van multinasionale maatskappye in ontwikkelende lande verduidelik
- dit beklemtoon hoe multinasionale maatskappye in ontwikkelende lande werk
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.6 [*Interpretasie, evaluasie en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3*]

Kandidate moet beide die positiewe en negatiewe impak in hul antwoord insluit

Positiewe impak van globalisering
- Globalisering het die hele wêreld met mekaar verbind (Bronne 3A en 3D)
- Globalisering het produksie van goedere en dienste verhoog (Bronne 3A en 3D)
- Dit het meer rykdom in ontwikkelende lande geskep (Bronne 3A en 3D)
- Multinasionale maatskappye het broodnodige buitelandse beleggings na ontwikkelende lande gebring (Bron 1A)
- Enige ander relevante positiewe impak

Negatiewe impak van globalisering
- Dit het daartoe gelei dat betogers die Wêreldhandelsorganisasie teiken (Bron 3B)
- Dit het gelei tot uitbuiting van werknemers (lae lone, lang werksure, swak werksomstandighede) (Bronne 3B en 3C)
- Werkers se menseregte is geskend (Bronne 3B en 3C)
- Die omgewing is negatief beïnvloed (Bronne 3B en 3C)
- Multinasionale maatskappye het winste voor werkers se regte gestel (Bron 3D)
- Reëls wat internasionale handeldryf gereguleer het, is ten gunste van die ryk lande vasgestel (Bron 3D)
- Die gaping tussen die rykes en armes het groter geword (Bron 3D)
- Ontwikkelende lande was van lenings uit ryk lande afhanklik (Eie kennis)
- Enige ander relevante negatiewe impak

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

VLAK 1	• Gebruik bewyse op elementêre wyse d.w.s. **Toon geen of min begrip van hoe globalisering die ekonomieë van ontwikkelende lande negatief beïnvloed het nie.** • Gebruik bewyse gedeeltelik om oor ón onderwerp te skryf of kan nie oor die onderwerp skryf nie.	**PUNTE 0-2**
VLAK 2	• Bewyse is meestal relevant en hou in ón groot mate verband met die onderwerp. bv. **Toon 'n mate van begrip van hoe globalisering die ekonomieë van ontwikkelende lande negatief beïnvloed het.** • Gebruik bewyse op ón baie eenvoudige wyse om ón paragraaf te skryf.	**PUNTE 3-5**
VLAK 3	• Gebruik relevante bewyse bv. **Demonstreer 'n deeglike begrip van hoe globalisering die ekonomieë van ontwikkelende lande negatief beïnvloed het.** • Gebruik bewyse baie effektief in ón georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp.	**PUNTE 6-8**

(8)
[50]

AFDELING B: OPSTELVRAE

VRAAG 4: BURGERLIKE WEERSTAND, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980'S

[Beplan, konstrueer en bespreek 'n argument wat gebaseer is op bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie bekwaamhede]

SINOPSIS
Kandidate moet ón standpunt inneem en verduidelik tot watter mate optogte, sanksies, boikotte en kansellering van beleggings deur internasionale anti-apartheidsbewegings tot die uiteindelike val van die apartheidsregering in die 1980ôs bygedra het. Hulle moet hul gedagterigting staaf deur verskillende vorme van internasionale weerstand deur die anti-apartheidsbeweging te bespreek.

Kandidate moet die volgende aspekte in hul opstel insluit:

- Inleiding: Kandidate moet ón standpunt inneem deur aan te dui tot watter mate optogte, sanksies, boikotte en kansellering van beleggings deur internasionale anti-apartheidsbewegings tot die uiteindelike val van die apartheidsregering in die 1980ôs bygedra het. Hulle moet kortliks aandui hoe hulle hul gedagte-rigting sal staaf.

UITBREIDING
- Regering poog om apartheid te hervorm weens interne en internasionale druk
- PW Botha se hervormings: Totale strategie, Driekamer parlement, strukturering van arbeid, ens.) Het min gedoen om internasionale weerstand te verminder ï kort agtergrond
- Apartheid is internasionaal, lank voor Botha se hervormings, wyd gekritiseer
- Stigting van die Anti-apartheidsbeweging (AAB) in Brittanje in 1959
- Die werk van die Britse anti-apartheidsbeweging was om steun te verleen teen Suid-Afrika se apartheidsregering in die 1970's en vorentoe
- Die rol van die Ierse anti-apartheidsbeweging: 1986: Die Ierse regering het 'n boikot van steenkool en voedselprodukte uit Suid-Afrika aangekondig
- Dit het 'n negatiewe impak op die Suid-Afrikaanse ekonomie gehad
- Die Sportboikot: Die Gleneagles-ooreenkoms van 1977: krieket, rugby, tennis, sokker en Olimpiese spanne is verbied om aan wêreldsport deel te neem.
- Die Kulturele Boikot: baie min internasionale bekende persoonlikhede het Suid-Afrika besoek en TV-programme wat aan die SAUK verkoop is, is verminder.
- Die Akademiese Boikot: Sommige internasionale uitgewers het geweier om werk wat deur Suid-Afrikaanse skoliere geproduseer is, te druk.
- Die Verbruikersboikot: Baie Britse burgers het geweier om Suid-Afrikaanse goedere te koop. Dit het Suid-Afrikaanse boere, wat afhanklik was van uitvoere van landbouprodukte, geraak
- Kansellering van beleggings: Die Anti-apartheidsbeweging het druk op Britse maatskappye geplaas om hul beleggings in Suid-Afrika te onttrek (Barclays Bank as voorbeeld)
- Sanksies: Brittanje het sanksies op Suid-Afrika geplaas: uitvoer van wapens en die invoer van yster-, staal- en goue munte is verbied
- Die ôFree Nelson Mandelaôveldtog: Anti-apartheidsbeweging (AAB) het die onmiddellike vrylating van Mandela geëis

- Verskeie internasionale konserte is gehou om die onmiddellike vrylating van Mandela te eis
- Die Internasionale Vakbonde: Brittanje se grootste vakbondfederasie (TUC) het die oplegging van sanksies teen Suid-Afrikaanse produkte en besighede vereis
- Rol van Frontliniestate: As deel van 'Totale Strategie' het PW Botha probeer om 'n 'konstellasie van Suider-Afrikaanse state' te skep wat vriendelik teenoor Suid-Afrika sou wees
- Behalwe tuislandleiers en Malawi, het Frontliniestate (Botswana, Lesotho, Swaziland, Angola, Mosambiek, Tanzanië, Zambië en Zimbabwe) geweier om in 'n alliansie ingetrek te word: hulle het die ANC toegelaat om kantore in hul lande oop te maak
- OAE erken ANC en PAC
- Die apartheidsregering het deur die 'destabiliseringsbeleid' gereageer (grenslyn-strooptogte)
- uMkhonto we Sizwe (MK) het vanuit buurlande gewerk
- Suid-Afrika se ekonomie was uiters kwesbaar as gevolg van boikotte, sanksies en kansellering van beleggings
- Werkloosheidstempo het verhoog
- Teen 1986 is Suid-Afrika effektief van die internasionale kapitaalmarkte afgesny
- NP is gedwing om sy beleid te heroorweeg en het met swart weerstands-organisasies begin onderhandel.
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argumente met ón relevante antwoord saamvat. **[50]**

VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

[Beplan, konstrueer en bespreek 'n argument wat gebaseer is op bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie bekwaamhede]

SINOPSIS
Kandidate moet aandui of hulle met die stelling saamstem of nie. Hulle moet aandui of dit leierskap, onderhandelinge en kompromie onder die leiers van verskeie politieke organisasies was wat verseker het dat Suid-Afrika in 1994 demokrasie behaal het. Hulle moet relevante historiese bewyse tussen 1990 en 1994 gebruik om hul gedagterigting te staaf.

HOOFASPEKTE
Kandidate moet die volgende aspekte in hul opstel insluit:

- Inleiding: Kandidate moet óén standpunt inneem deur aan te dui of hulle met die stelling saamstem of nie. Hulle moet kortliks aandui hoe hulle hul gedagterigting sal staaf deur historiese bewyse tussen 1990 en 1994 te gebruik.

UITBREIDING
- De Klerk kom in 1989 aan bewind ï kort agtergrond
- De Klerk se toespraak in die parlement ï 2 Februarie 1990
- Die toelating van politieke en burgerlike organisasies soos die ANC en SACP
- Die opheffing van beperkings op COSATU en AZAPO
- De Klerk se besluit om Mandela op 11 Februarie 1990 uit die tronk vry te laat, wat die weg vir onderhandelinge gebaan het
- Voortdurende aanvalle op passasierstreine op die Rand deur óén gewapendes, 'n beraamde 573 sterftes. Daar was gerugte dat ôThird Forceôen die NP betrokke was (struikelblok en uitdaging)
- Groote Schuur Minuut ï 2 Mei 1990 (die ANC en die NP vergader: die ANC-afvaardiging onder leiding van Nelson Mandela, die NP-afvaardiging onder leiding van FW De Klerk)
- Operasie Vula: 40 lede van die ANC wat daarvan beskuldig was dat hulle die regering wou omverwerp, is aangehou, insluitende Mac Maharaj en Billy Nair (struikelblok en uitdaging)
- Geweld wat in Sebokeng uitgebreek het - Julie 1990 (struikelblok en uitdaging)
- Pretoria Minuut ï 6 Augustus 1990: die ANC het ingestem om die gewapende stryd op te skort
- November 1990: Beweerde ôThird Forceôgeweldadige aanvalle op óén informele nedersetting by Zonkesizwe dorp buite Germiston (struikelblok en uitdaging)
- Oktober 1991: 92 anti-apartheidsorganisasies het in Durban vergader en die Patriotiese Front gevorm, waarin 'n tussentydse regering gevra is
- CODESA 1 (19 politieke partye/300 afgevaardigdes)
- PAC, AZAPO en die Konserwatiewe Party onttrek van CODESA 1, die einde van die Patriotiese Front (struikelblok en uitdaging)
- Geweldadige uitbarstings in sommige dele van die land soos die Transvaal en Natal (struikelblok en uitdaging)
- ôSlegs blankesôreferendum en die impak daarvan: Voortsetting van onderhandelinge (Maart 1992)

- CODESA 2 (2 Mei 1992) het ineengestort.
- Partye kon nie ooreenkom oor 'n nuwe grondwetlike liggaam en tussentydse regering nie (struikelblok en uitdaging)
- Die NP wou ón minderheidsveto hê, terwyl die ANC 'n tussentydse regering, vir nie langer as 18 maande wou hê nie, en 'n eenvoudige meerderheidsregering (struikelblok en uitdaging)
- óRolling MassôAksie deur weerstand organisasies geïnisieer (stakings, boikotte, ens. ï om die onderhandelinge-proses te bespoedig) (struikelblok en uitdaging)
- Boipatong-bloedbad en die gevolge daarvan (17 Junie 1992): Beweerde werk van die óThird Forceô(struikelblok en uitdaging)
- Die ANC het het die onderhandelings verlaat, maar het later teruggekeer (struikelblok en uitdaging)
- Bisho-bloedbad het die proses van onderhandelinge ontspoor (7 September) (struikelblok en uitdaging)
- Rekord van Verstandhouding is op 26 September 1992 tussen Roelf Meyer (NP) en Cyril Ramaphosa (ANC) onderteken
- Concerned South Group (Bekommerde Suid-groep) (COSAG) gestig: Binnelandse leiers en vêrregse groepe: Op ón Federale regering aangedring (struikelblok en uitdaging)
- 2 April 1993: Multi-party Onderhandelingsproses: PAC het by die onderhandelinge aangesluit, óSunset Clauseôingestel, deur Joe Slovo voorgestel, deur middel van kompromieë kon die proses voortgaan, datum van verkiesing vir 27 April 1994 vasgestel
- Sluipmoord op Chris Hani (10 April 1993) en die impak daarvan op Suid-Afrika (struikelblok en uitdaging)
- AWB-aanval op die Wêreldhandelsentrum en die gevolge daarvan ï Junie 1993 (struikelblok en uitdaging)
- St James-bloedbad deur APLA ï Julie 1993 (struikelblok en uitdaging)
- Heidelberg-taverne-bloedbad deur APLA ï Desember 1993 (struikelblok en uitdaging)
- November 1993: 'n Tussentydse Grondwet vir Suid-Afrika is ooreengekom
- óShell Houseôbloedbad en die gevolge daarvan ï Maart 1994 (struikelblok en uitdaging)
- 27 April 1994: Verkiesing gehou: die ANC wen en Mandela het die eerste swart Suid-Afrikaanse president geword
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante gevolgtrekking saamvat. **[50]**

VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE-OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

[Beplan, konstrueer en bespreek 'n argument wat gebaseer is op bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie bekwaamhede]

SINOPSIS
Daar word van kandidate verwag om die impak van die ineenstorting van die Sowjetunie in 1989, onder Mikhail Gorbachev se regering, oor die politieke transformasie wat in Suid-Afrika plaasgevind het, krities te bespreek. Hulle moet verwys na hoe die ineenstorting van die Sowjet-Unie tussen 1989 en 1990 tot politieke veranderinge in Suid-Afrika gelei het.

HOOFASPEKTE
Kandidate moet die volgende aspekte in hul opstel insluit:

- Inleiding: Kandidate moet óf n standpunt inneem. Hulle moet kortliks aandui hoe hulle hul gedagterigting sal staaf deur te verwys na hoe die ineenstorting van die Sowjet-Unie tussen 1989 en 1990 beduidend tot politieke veranderinge in Suid-Afrika bygedra het.

UITBREIDING
- Die impak van die ineenstorting van die Sowjet-Unie in 1989 op Suid-Afrika
- Gorbachev se hervormingsbeleid: Glasnost en Perestroika
- Hervormings het tot Gorbachev se ondergang gelei
- Impak van hervormings op die Sowjet-Unie: Einde van kommunisme
- Die ineenstorting van die Sowjet-Unie het die hervormingsproses in Suid-Afrika beïnvloed
- Die Nasionale Party se bewering dat dit Suid-Afrika van 'n kommunistiese aanslag beskerm het, het onrealisties geword
- Die Nasionale Party (Suid-Afrika) kon nie meer op Westerse ondersteuning staatmaak vir sy 'anti-kommunistiese' standpunt nie
- Westerse-magte ondersteun die versoek dat Suid-Afrika sy probleme vreedsaam en demokraties moet oplos
- Sommige lede van die Nasionale Party-regering het begin besef dat apartheid nie die antwoord op die behoeftes van die blanke kapitalistiese ontwikkeling was nie
- Die Nasionale Party se vrees vir 'n kommunistiese beheerde ANC het ook verdwyn
- Invloedryke Suid-Afrikaners het begin glo dat gesprekke met die ANC nodig was om die onrus in Suid-Afrika te beëindig
- Die Nasionale Party was nou bereid om met die ANC te onderhandel
- Die ineenstorting van die Sowjetunie het ook die ANC geaffekteer
- Na die ondergang van kommunisme was die Sowjetunie nie meer bereid om die ANC, finansieël, militêr en moreel te ondersteun nie
- Dit het die ANC gedwing om met die Nasionale Party te onderhandel
- Na die onttrekking van Kubaanse troepe uit Angola kon die ANC nie langer daarvandaan werk nie
- Die ANC moes sy posisie herdefinieer en het begin om erkenning by Westerse lande te soek
- Toekenning van onafhanklikheid aan Namibië het beide die NP en die ANC aangemoedig om vreedsame onderhandelings te voer
- FW de Klerk het besef dat daar hervormings moes wees

- FW de Klerk het begin aanvaar dat die swartstryd teen apartheid nie 'n sameswering van Moskou was nie
- 2 Februarie 1990: De Klerk het 'n toespraak gelewer met 'n aantal toegewings wat die verbod op die ANC en ander politieke organisasies ophef, vrylating van politieke gevangenes en die naderende vrylating van Nelson Mandela
- Dit het die begin van die einde van apartheid in Suid-Afrika aangedui
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante gevolgtrekking saamvat. **[50]**

T**OTAAL: 150**

KOGNITIEWE ONTLEDINGSTABEL

GESKIEDENIS GRAAD 12 – VRAESTEL 2																					
	Vaardighede										Kognitiewe Vlakke				Uitdagings					
Vraag	UITTREKSEL VAN BEWYSE UIT BRONNE	SELEKSIE VAN RELEVANTE INLIGTING	VERDUIDELIKING VAN 'N HISTORIESE BEGRIP	VERDUIDELIKING VAN INLIGTING UIT BRONNE	INTERPRETASIE	ANALISE VAN BEWYSE UIT BRONNE	INTERPRETASIE EN EVALUASIE	EVALUEER BRUIKBAARHEID, VOOROORDEEL EN BETROUBAARHEID	VERGELYK EN ONDERSKEI TUSSEN VERSKILLENDE INTERPRETASIES	ORGANISEER BEWYSE OM ANTWOORDE TE STAAF	VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	TOTAAL	MAKLIK	MEDIUM	MOEILIK	PERSENTASIE %	PERSENTASIE %	PERSENTASIE %
	Regmerkie dui toepassing van vaardigheid aan										Punte							V 1	V 2	V 3
1.1.1			✓								2				✓					
1.1.2	✓										2				✓					
1.1.3	✓										2				✓					
1.1.4					✓							4				✓				
1.1.5	✓										3				✓					
1.2.1					✓							4				✓				
1.2.2					✓							2				✓				
1.3									✓				4				✓			
1.4.1	✓										2				✓					
1.4.2	✓										1				✓					
1.4.3					✓							2				✓				
1.4.4					✓								4				✓			
1.5.1	✓										2				✓					
1.5.2					✓							4				✓				
1.5.3					✓							4				✓				
1.6										✓			8		✓	✓	✓			
VRAAG 1 TOTAAL											**14**	**20**	**16**	**50**				**28**	**40**	**32**

GESKIEDENIS GRAAD 12 – VRAESTEL 2																					
	Vaardighede										Kognitiewe				Uitdagings					

											Vlakke									
Vraag	UITTREKSEL VAN BEWYSE UIT BRONNE	SELEKSIE VAN RELEVANTE INLIGTING	VERDUIDELIKING VAN 'N HISTORIESE BEGRIP	VERDUIDELIKING VAN INLIGTING UIT BRONNE	INTERPRETASIE	ANALIESE VAN BEWYSE UIT BRONNE	INTERPRETASIE EN EVALUASIE	EVALUEER BRUIKBAARHEID, VOOROORDEEL EN BETROUBAARHEID	VERGELYK EN ONDERSKEI TUSSEN VERSKILLENDE INTERPRETASIES	ORGANISEER BEWYSE OM ANTWOORDE TE STAAF	VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	TOTAAL	MAKLIK	MEDIUM	MOEILIK	PERSENTASIE %	PERSENTASIE %	PERSENTASIE %
	Regmerkie dui toepassing van vaardigheid aan										Punte							V 1	V 2	V 3
2.1.1	✓										1				✓					
2.1.2			✓								2				✓					
2.1.3					✓							4				✓				
2.1.4	✓										3				✓					
2.1.5								✓					4				✓			
2.2.1					✓							4				✓				
2.2.2					✓							4				✓				
2.3.1	✓										2				✓					
2.3.2					✓							4				✓				
2.3.3	✓										2				✓					
2.4.1	✓											2				✓				
2.4.2					✓							4				✓				
2.4.3	✓										2				✓					
2.5									✓				4				✓			
2.6										✓			8		✓	✓	✓			
VRAAG 2 TOTAAL											**12**	**22**	**16**	**50**				**24**	**44**	**32**

Kopiereg voorbehou

	Vaardighede										Kognitiewe Vlakke				Uitdagings					
Vraag	UITTREKSEL VAN BEWYSE UIT BRONNE	SELEKSIE VAN RELEVANTE INLIGTING	VERDUIDELIKING VAN 'N HISTORIESE BEGRIP	VERDUIDELIKING VAN INLIGTING UIT BRONNE	INTERPRETASIE	ANALISE VAN BEWYSE UIT BRONNE	INTERPRETASIE EN EVALUASIE	EVALUEER BRUIKBAARHEID, VOOROORDEEL EN BETROUBAARHEID	VERGELYK EN ONDERSKEI TUSSEN VERSKILLENDE INTERPRETASIES	ORGANISEER BEWYSE OM ANTWOORDE TE STAAF	VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	TOTAAL	MAKLIK	MEDIUM	MOEILIK	PERSENTASIE %	PERSENTASIE %	PERSENTASIE %
	Regmerkie dui toepassing van vaardigheid aan										Punte							V1	V2	V3
3.1.1			✓								2				✓					
3.1.2	✓										3				✓					
3.1.3					✓							4				✓				
3.2.1	✓										1				✓					
3.2.2					✓							4				✓				
3.2.3	✓										2				✓					
3.2.4	✓										2				✓					
3.3.1					✓							4				✓				
3.3.2	✓										2				✓					
3.4									✓				4				✓			
3.5.1	✓										2				✓					
3.5.2					✓							4				✓				
3.5.3					✓							4				✓				
3.5.4								✓					4					✓		
3.6										✓			8		✓	✓	✓			
VRAAG 3 TOTAAL											**14**	**20**	**16**	**50**				**28**	**40**	**32**

Kopiereg voorbehou